# Redaksioneel

## Gesprek tussen teoloë en filosowe oor postmoderniteit

Daar was 'n tydperk toe sekere geleerdes gemeen het dat die interdissiplinêre gesprek tussen die teologie en die filosofie alleen as sinvol gesien kan word omdat dit 'n replika is van die gesprek wat die kerk met die wêreld behoort te voer. So gesien is teologie 'n refleksie op openbaringswaarhede en filosofie nadenke oor die mens in terme van sy relasies met die wêreld. Toenemend is egter besef dat die eksistensie van die mens, en veral die mens *coram Deo*, die blote fisiese relasies transendeer. Daarom is daar in hierdie verband teoloë wat met betrekking tot die Godsbegrip, verkies om eerder die term 'transendensie' as 'metafisika' te gebruik. Metafisika het as spekulatiewe filosofie volgens hulle alleen betrekking op die vraag na die essensie van bestaan sonder dat God by die eerste beginsels van die werklikheid gereken word. Aan die ander kant kan die filosofiese begrip 'transendensie' te make hê met die siening dat die eerste beginsels van die skepping buite die skepping lê, en dié van eksistensie buite eksistensie, byvoorbeeld in God wat nie deel van sy skepping is of gebonde is aan enige beperking wat op die skepping van toepassing is nie. Hoe dit ook al sy, die vraag na die konsepte 'transendensie' en 'metafisika' is duidelik op geen wyse minder 'n teologiese as 'n filosofiese aangeleentheid nie. Die jaarlikse simposium ter bevordering van die verhouding teologie-filosofie wat die Fakulteit Teologie (Afd A) en die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria sedert 1989 hou, is derhalwe 'n gesprek waartoe wetenskaplikes op grond van die aard van die teologie as wetenskap sowel as die filosofie as wetenskap gedwing word.

In die onderhawige Aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* word die bydraes wat tydens die eerste vermelde simposium gelewer was, gepubliseer. Dit het die tema 'holisme' as fokus van besinning. Die filosoof, Marinus Schoeman, en die teoloog, Andries van Aarde, bied onderskeidelik verskillende perspektiewe op die saak. Gedurende 1990 is daar voortspruitend uit die eerste simposium ge-sprek gevoer oor 'postmoderniteit'. Hierdie konsep is nie maklik definieerbaar en sy aanvangsdatum nie maklik bepaalbaar nie. Tog is dit al beskryf as die hernude soeke na holistiese denke teenoor die sogenaamde fragmentasie en individualisme van die moderne denke sedert Descartes en Newton. Die 'moderne tyd' word in die algemeen gekenmerk deur 'n soort subjektiwistiese 'magsgeoriënteerde mentaliteit' wat kenteoreties byvoorbeeld verband hou met die verhouding tussen die subjek van kennis en die objek van kennis. Sosio-ekonomies hou dit weer verband met die

verhouding tot die 'ander' wat gekenmerk word deur 'skaarste' as gevolg van manipulasie en eksploitasie. Postmoderniteit verteenwoordig 'n selektiewe afskeid van die selfbegrip wat in die 'moderne tyd' gegeld het. Teologiese en filosofiese refleksie op hierdie verskynsels het die sake op die agenda van die genoemde gesprek uitgemaak. Andries van Aarde het 'n inleidende bydrae gelewer oor die opheldering van die begrip 'postmoderniteit' as sodanig, Danie Goosen oor die postmoderne denke van die Franse filosoof, Derrida, en Alex Antonites oor die Duitse filosoof, Habermas, in geprek met postmoderne denkers. Op die program wag nog die temas 'samelewingskritiek', die 'ekonomie' en die 'politiek' wat D V in die volgende jare aandag sal kry.

Prof A G van Aarde
Redakteur